

SA se

# Geliefkoosde Oggendmens

’n Jaar ná die traumatiese verlies van haar “TV-man” fokus Leanne Manas haar aandag op ’n jaar van mylpale: Sy word 40, vier ’n dekade by *Morning Live* en tel haar seëninge (en kilojoules) ná ’n huwelik van nege jaar. Deur Catriona Ross

**LEANNE MANAS** is die toonbeeld van ’n werkende ma wat haar verantwoordelikhede probeer bestuur en daarna streef om die werk-lewe-balans reg te kry – alles onder die wakende oog van die publiek en met ’n daaglikse opstaantyd van 04:00. “Dis soos om ’n balanseertoertjie in hoë hakke uit te voer,” sê die moedige, vroulike, skerp en snaakse *Morning Live*-aanbieder wat onlangs ’n indrukwekkende 17 kg verloor het.

Leanne het haar loopbaan as ’n nuusaanbieder vir Talk Radio 702 en Summit TV begin. Op 1 Augustus 2004 het sy haar saam met Vuyo Mbuli by *Morning Live* aangesluit. Dit was die begin van ’n legendariese TV-vennootskap wat skielik kortgeknip is en haar in ’n jaar van verlies en verandering gedompel het. Dit het haar meer vasbeslote as ooit tevore gemaak om dit wat sy nóú het te waardeer, veral haar gesin: haar man, Marc Menelaou, ’n finansiële-markhandelaar, en hul kinders, Alexandro (4) en Gabriella (19 maande). →